

Vrydag 20 Augustus

Skrifgedeelte: Job 28

Fokusgedeelte: Job 28:15-19

Wysheid begin by die vrees van God!

Kennis is iets wat in ons tyd en eeu geredelik beskikbaar is. Jy kan net jou foon vat en 'n vraag intik en dadelik kennis oor omtrent enige onderwerp kry. Of die inligting altyd waardevol is of nie, is 'n ander vraag, maar die konsep is: Kennis is beskikbaar.

Wysheid aan die anderkant is 'n ander saak. As ons verder daarvoor dink, is wysheid iets wat gegrond is op 'n basis. Wysheid is om te weet hoe om op te tree binne 'n gegewe situasie. Die vraag in die lewe is dus: Waar kan ons wysheid vind? Wysheid is gegrond op wat jy glo oor die lewe, oor die wêreld en natuurlik wat jou perspektief is oor God.

Job kyk terug op die gesprek wat hy met sy vriende gehad het. 'n Gesprek wat eintlik nie wysheid gebring het nie. Die vriende van Job het vasgevang gebly in hulle eie paradigmas en verkeerd verstaan Wie God is. Denke waarmee hulle God anders wou voorstel as Wie Hy werklik is. Die vriende wil God voorstel as 'n God wat goed doen aan die gelowiges en sleg aan die ongelowiges. Job staan hierdie perspektiewe teë. Sy eie lewe spreek van iets anders. Binne Job se beproewings kom God juis wys Wie Hy werklik is!

Wysheid en verstand kan nie gekoop word nie (vgl. Job 28:15-19). Wysheid is meer waardevol as goud en korale en enigiets wat die mens kan aanbied. Dit kan nie geruil word vir geld nie. Die mens kan die aarde oopbreek en dinge in die wêreld verstaan, maar die mens kan nie wysheid deurgrond nie.

Waar kom ware wysheid dan vandaan? Eerstens, net God ken die weg van wysheid. Tweedens, wysheid begin by: "Kyk, die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand" (vgl. Job 28:28). Hoe kan ons die Here vrees of dien? Deur verander te word, deur die werking van God se Gees. Op grond van wat sal ons die Here vrees? Op grond van die Wysheid van God Self, op grond van wat sy Seun vir ons gedoen het. Wat sy Seun in ons plek gedoen het. Deur Jesus Christus se offer en verlossing – en deur geloof in Hom – kan ons God vrees en kan ons weet hoe om te leef, hoe om af te wyk van die kwaad en te doen wat goed is tot eer van God! Vol sirkel voltooi! Ware wysheid gevind.

Samesang: Psalm 2-1:1, 4, 6

Ds. IH Scholtz (Zak) (Bloempark)